BESLUITEREGISTER – Sinode 2022

1 In memoriam

Die Sinode dink met groot dankbaarheid terug aan die getroue werk wat deur bogenoemde leraars in die kerk van die Here, en spesifiek in die Sinode Hoëveld, gedoen is. Ons wens hulle geliefdes die vertroosting en die seën van die Here toe en spreek ons diepe empatie met hulle uit.
Die Sinode staan vir 'n oomblik as blyk van meegevoel.
BESLUIT 01/2022, Notule 18/10/2022 pt. 4 bl. 3

2 Ekumeniese verhoudings (Sinodale Dienskommissie - SDK)

2.1 Ringsverteenwoordiging
Die Sinode besluit om Ringe te versoek om 'n ringsverteenwoordiger vir Ekumene aan te wys.
BESLUIT 07/2022, Notule 18/10/2022 pt. 11.1 bl. 10

2.2 SARK-Gauteng

Die Sinode besluit om drie primarius- en drie sekunduslede aan te wys as Sinode Hoëveld se afgevaardigdes na die toepaslike vergaderings van die SARK-Gauteng. Die lid vir ekumeniese sake sal een van hulle wees.
BESLUIT 08/2022, Notule 18/10/2022 pt. 11.2 bl. 10

3 Missionale teologie (SDK)

3.1 Begroting

Die Sinode besluit om ten midde van herstrukturering van Portefeuljes en diensgroepe, steeds geld te begroot vir missionale bediening en praktyk.
BESLUIT 10/2022, Notule 18/10/2022 pt. 13.2 bl. 11

3.2 Brugbediening

Die Sinode versoek gemeentes, konsulente en Ringskommissies om altyd eers met vakante poste en beroeping navraag te doen oor die moontlikheid van Brugbediening.
BESLUIT 12/2022, Notule 18/10/2022 pt. 13.4 bl. 11

3.3 Klein gemeentes en lidmaatbemagtiging

Die Sinode besluit om die twee diensgroepe, nl. Klein-gemeente bediening en lidmaatbemagtiging steeds te behou as diensgroepe.
BESLUIT 13/2022, Notule 18/10/2022 pt. 13.5 bl. 11
Die Sinode besluit om in die toekoms steeds te begroot vir die twee diensgroepe. (Klein-gemeente bediening en lidmaatbemagtiging)
BESLUIT 14/2022, Notule 18/10/2022 pt. 13.5 bl. 11

4 Taakspan Studentebediening (SDK)

Die Sinode versoek die SDK om 'n Taakspan vir Studentebediening saam te stel.
BESLUIT 15/2022, Notule 18/10/2022 pt. 13.5 bl. 11

5 Portefeuljes (SDK)

- Die Sinode keur die volgende portefeuljes op die SDK goed:
- Lidmaat- en leierstoerusting
- Gemeentebegeleiding
- Predikantetoerusting en -versorging
- Jeug- en gesinsbediening
- Gemeenskapsbetrokkenheid
- Diensgetuienis
- Kerkverband en Ekumene
- Sinodale hulpbronne

BESLUIT 16/2022, Notule 18/10/2022 pt. 17 bl. 12
Die sinode besluit om die portefeuljes Diensgetuienis en Gemeenskapsbetrokkenheid en die portefeuljes Gemeentebegeleiding en Lidmaatbemagtiging en Leierskapsontwikkeling

te kombineer in taakspanne vir die onderskeie fokusareas.
BESLUIT 17/2022, 1. REVISIE (Besluit 16/2022) (Notule 18/10/2022, pt. 17, bl. 12)

6 Strategie (SDK/ Sinodale Kommissie vir Fondse - SKF)

Die Sinode besluit om ‘n duidelike strategiese plan met doelwitte te formuleer sodat die begroting sinvol en doelmatig beplan en bestuur kan word.
BESLUIT 18/2022, Notule 19/10/2022, pt. 3 bl. 2

7 Strategie (SDK/SKF)

Die Sinode gee opdrag dat die Toekennings in die lig van die Sinode se Strategiese Plan geëvalueer word
BESLUIT 19/2022, Notule 19/10/2022, pt. 3 bl. 2

8 Sinodale Bydraes (SKF)

Die Sinode besluit om die Sinodale Kommissie vir Fondse opdrag te gee om die volgende afslag op lopende Sinodale Bydraes in werking te stel:
Die volgende afslag word toegestaan aan gemeentes wat aan die betrokke kriteria voldoen:

- Gemeentes wat op jaareinde GEEN uitstaande bydraes het nie – 8% afslag op hulle jaarlikse bydrae, wat basies 1x volle maand se bydrae beloop;
- Gemeentes wat op jaareinde nie meer as 3x maande agterstallig is – 4% afslag op hulle jaarlikse bydrae, wat basies ‘n halwe maand (50%) se bydrae beloop;
- Gemeentes wat nie meer as 6x maande agterstallig is nie – 2% afslag op hulle jaarlikse bydrae, wat basies ‘n kwart (25%) van een maand se bydrae beloop;
- Gemeentes wat langer as 6x maande agterstallig is, kry geen afslag nie.

BESLUIT 20/2022, Notule 19/10/2022, pt. 5.1 bl. 3

9 Agendas vir Sinode (SDK/SKF)

Die Sinode besluit dat alle Agendas van die Sinodebyeenkoms voortaan slegs elektronies beskikbaar gestel moet word aan alle afgevaardigdes. Dit is duur om die agendas te laat druk en daarmee saam is dit vermorsing van papier wat onnodige druk op die omgewing plaas.
BESLUIT 22/2022, Notule 19/10/2022 pt. 5 bl. 4

10 Taakspan Artikel 37 (SDK/ Sinodale Regskommissie -SRK)

Die Sinode besluit om ‘n studiegroep/taakspan aan te wys wat die Sinode kan bedien met advies ten opsigte van die interpretasie en toepassing van Artikel 37. Die Sinode besluit dat hierdie studiegroep sal bestaan uit die dagbestuur van die Moderamen, die SRK, verteenwoordigers van gemeentes en die Portefeulje Kerkverband en Ekumene.
AMENDEMENT 01/2022 of BESLUIT 23/2022, Notule 19/10/2022 pt.7.1 bl. 7

11 Sinodale Regskommissie (SRK)

Die Sinode versoek die Regskommissie om ‘n studie te doen in watter mate die metode van dolering voldoen aan:

- Die Woord – o.a.. Matt 18:15-17, Ef. 3:18
- Die Kerkorde se grondbeginsels
- Natuurlike Geregtigheid

BESLUIT 24/2022, Notule 19/10/2022 pt. 7.3 bl. 8

12 Teologiese Opleiding

Die Sinode neem kennis van die verslag van die Kuratorium van die NG Kerk by die Universiteit van Pretoria.

Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die dosente van die NG Kerk by die Fakulteit van die Universiteit van Pretoria en die predikante in diens van die Kuratorium wat betrokke is by die opleiding van teologiese studente en kandidate vir diensleraarskap.
Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Kuratorium wat verseker dat kerkeie opleiding en voortgesette bedieningsontwikkeling by die Universiteit van Pretoria aangebied kan word.
BESLUIT 25/2022, Notule 19/10/2022 pt.9 bl. 9

Die Sinode Hoëveld neem kennis van die verslag.
Die Sinode Hoëveld spreek sy waardering uit teenoor die Teologiese Fakulteit, Universiteit van die Vrystaat vir die sorg waarmee hulle teologiese opleiding hanteer.
Die Sinode Hoëveld bevestig sy voortgesette steun en voorbidding aan die betrokke party.
BESLUIT 26/2022, Notule 19/10/2022 pt. 9 bl. 9

13 Wysigings van die Bepalings (SRK)
Die Sinode besluit om die wysigings aan die NG Kerk Sinode Hoëveld se bepalings aan te bring:
BESLUIT 27/2022, Notule 19/10/2022 pt. 10.1 bl. 10 ev.

14 Portefeuljes (SDK)
Die Sinode besluit dat portefeuljes nie by hierdie sitting gevul word nie, maar gevul word deur die Portefeuljeleier in oorleg met Ringe en die SDK voor 15 Desember 2022.
BESLUIT 28/2022, Notule 20/10/2022 pt. 2.1 bl.2

15 Webtuiste (SDK/Kommunikasie)
Die daarstelling van 'n webtuiste wat beter kommunikasie deurgee en hulpbronne stel tot beskikking van gemeente.
Ring van Linden en Johannesburg is bereid om te koördineer
BESLUIT 29/2022, Notule 20/10/2022 pt. 5 bl. 4

16 Samestelling van ringe (SDK/SRK)
Die Sinode besluit dat die SDK die Ringsamesmelting tussen Kemptonpark en Birchleigh kan goedkeur sodra beide Ringe gereed is.
Amendement 02/2022 BESLUIT 30/2022, Notule 20/10/2022 pt. 6 bl. 4

17 Verteenwoordiging by die ASM (Algemene Sinodale Moderamen)
Die Sinode wys die moderatuur aan as die Sinode se verteenwoordigers op die ASM en versoek die SDK om so gou moontlik na die Sinode 'n vyfde verteenwoordiger aan te wys.
BESLUIT 31/2022 Notule 20/10/2022 pt. 9 bl. 4 (vgl. Notule 18/10/2022 pt. 5.7.2, bl. 4)

18 Afvaardiging na die Algemene Sinode (SDK)
Die name, soos ontvang deur die Ringe van Sinode Hoëveld, sal dien as die lys vir afgevaardigdes na die Algemene Sinode en dat die SDK die samestelling van die lys afgevaardigdes sal hanteer.
BESLUIT 32/2022. Notule 20/10/2022 pt. 12 bl. 4